TERUGVOER VAN RINGE RAKENDE COVID19

SDR 2020-07-15

8.1 Eredienste

Wie gebruik reeds hulle kerkgeboue en hoe beleef hulle dit? Hoe gaan dit met die virtuele eredienste?

Daspoort: 1 gemeente hou 'n kerkdiens, 8 bly virtueel.
- Wil graag eredienste hou maar hou risiko in gedagte.
- Bekommerd oor jeug wat onbetrokke is.

Derdepooort: 3 gemeentes hou kerkdienste, 6 bly virtueel.
Krokodilriver: 3 gemeentes hou kerkdienste, 5 bly virtueel.
Louis Trichardt: Al 7 die gemeentes hou kerkdienste, Louis Trichardt hou ook nog 'n virtuele diens.
RMA: 5 van 13 gemeentes hou kerkdienste.
Northam: 3 gemeentes hou kerkdiens, 2 bly virtueel.
Pietersburg: 1 gemeente hou 'n kerkdiens, 4 bly virtueel.
Pietpotgietersrus: 4 gemeentes hou kerkdienste, 2 bly virtueel.
- Invloei van myners vanaf KZN hou groot risiko in vir die gebied.

Pta-Noord: Die 6 gemeentes maak gebruik van inry en virtuele eredienste.
Pta-Oos: Al 7 gemeentes hou virtueel dienste.
Rustenburg: Al 5 gemeentes hou virtueel dienste.
- Kerkrade skakel gereeld met lidmate.
- Isolasie is 'n groot probleem, veral by bejaardes en hospitaalpasiënte.
- Begrafnisse bly ongemaklik. Mense stel begrafnisse uit in afwagting van verdere verligting van inperking.

Sentraalmoot: 3 gemeentes hou kerkdienste, 6 bly virtueel.
- Kollegas vergader weekliks vir beplanning en ondersteuning.

Sesmylspruit: 1 gemeente het kerkdienste probeer, maar die bywoning was baie swak. Al 5 hou virtueel eredienste.
- Tyd vir voorbereiding is 'n probleem.
- Gemeentes beleef betrokkenheid by die gemeenskap baie positief in terme van kerkwees.

Suidoos-Pta: Al 4 gemeentes gebruik verskillende maniere om virtueel te bedien en hou kleiner byeenkomste waar dit prakties is.
Valhalla: Al 3 gemeentes bedien virtueel.
Waterberg: 3 gemeentes hou kerkdienste. Bywoning word gereël deur bespreking. 6 bedien virtueel.
Wonderboom: 1 van 6 gemeentes hou kerkdienste. Bywoning so 30 per diens.

Opsomming

1. Eredienste gaan op baie maniere doeltreffend voort, ten spyte van uitdagings.
2. Van 116 gemeentes hou 34 reeds kerkdienste. (29% kerkdienste, hoofsaaklik platteland)

***

8.2 Pastoraat

Hoe beleef predikante hulle rol as essensële werkers? Is daar lidmate wat vanweë Covid-19 gehospitaliseer is en/of sterftes?

Daspoort: Hanteer pastoraat virtueel en fisiek soos nodig.
- Nog nie baie Covid-gevalle. Weet van 5-6 mense.
- Naudé Kritzinger en gesin is positief getoets.
- Begrafnisse is moeilik a.g.v. emosie en mense wat nie by die regulasies hou nie.

Derdepoort: Begrafnisse ook 'n probleem soos by Daspoort.
Krokodilrivier: Weet nie van baie gevalle nie. Pastoraat word goed gehanteer.
Louis Trichardt: Dit gaan goed met die pastoraat.
- Bergcare voorsien ongeveer 1 200 mense per week van kos.

RMA: Dit gaan goed met die pastoraat. Geen geval van Covid onder gemeentelede.
Northam: Alhoewel daar uitdagings is m.b.t. die virtuele bediening gaan dit nie sleg met die gemeentes nie.
Pietersburg: Gaan goed met die pastoraat. Covid-gevalle neem vinnig toe binne en buite die gemeente.
- Bemoediging en ondersteuning word bemoeilik deur beperkinge van die grendeltyd, bv. besoeke in hospitale en tuistes vir bejaardes.

Pietpotgietersrus: Gaan goed met die pastoraat. Ringskommissie besoek leraars vir die inwin van inligting en bemoediging. Covid-gevalle neem toe.
Pta-Noord: Gaan goed.
Pta-Oos: Virtuele pastoraat werk goed. Leraars bel lidmate op 'n lys af en behou so kontak.
- Die koster van Pretoria gemeente, Jan Viljoen, is oorlede aan covid.

Rustenburg: Werk sover moontlik persoonlik. Gebruik spreekkamers: Hou registers ens. 1 geval van Covid is gehospitaliseer en ontslaan.
- Leraarskring funksioneer goed.
- Gevalle van depressie neem sterk toe.

Sentraalmoot: Werk hoofsaaklik met telefoniese pastoraat. Besoek as daar groot krisisse is.
- Vir minder ernstige gevalle is daar ook 'n lokaal toegerus vir besoeke.

Sesmylspruit: Pastoraat oor die algemeen goed.
- Jeug se betrokkenheid is 'n probleem, maar baie moeite word gedoen om dit aan te spreek.

Suidoos-Pta: Maak gebruik van 'n afspraak gedrewe pastoraat. Bedien hoofsaaklik virtueel en probeer sover moontlik om kontak te beperk.
- Begrafnisse moeilik a.g.v. redes reeds genoem.

Waterberg: Leraars is virtueel baie betrokke. Besoeke word net in krisisgevalle gereël.
- 2 Covid-gevalle maar beide het herstel. 1 familielid is in die buiteland oorlede.

Wonderboom: Gaan goed met die pastoraat.
- Gemeente skakel baie goed in by gemeenskapsprojekte.
- RK vergaderings vind gereed virtueel plaas.
- Bejaardesorg is 'n probleem a.g.v. afsondering en eensaamheid.
- Koffiekuiers word in kleiner groepe gereël om isolasie teen te werk.

Opsomming

1. Dit gaan oor die algemeen goed met die pastoraat. Verskillende metodes word met sukses gebruik.
2. Covid-gevalle kom nog nie in groot getalle voor nie, maar daar is beslis 'n toename.
3. Fisiese kontak word versigtig gebruik, hoofsaaklik d.m.v. ingerigte spreekkamers op afspraakbasis.
4. Begrafnisse is 'n probleem, waar emosie oorneem en regulasies geïgnoreer word.
    - Wie is verantwoordelik vir nakoming van vereistes?

5. Bejaardesorg en hospitaalbediening word bemoeilik deur beperking op kontak.
6. Onbetrokkenheid by die jeug word hier en daar ondervind.

***

8.3 Finansies

Wat gebeur rondom dankoffers, erediensoffers en spesiale insamelings soos basaars?

Daspoort: Die inkomste uit erediensoffers en fondsinsameling is weg. Dit maak dit baie moeilik vir meeste gemeentes in die ring.
Derdepoort: Al die gemeentes se finansies het 'n groot knou gekry, maar hulle maak kreatief planne om die tekorte aan te vul.
Krokodilrivier: Dit gaan nog redelik met die meeste gemeentes. Hartbeespoort doen besonder goed, omtrent dieselfde as voor Covid.
Louis Trichardt: Dit gaan steeds redelik met almal. Projekte kan egter nie voortgaan nie. Erediensdankoffers kom nog gedeeltelik in, maar slegs omtrent 20% van die normale.
Louis Trichardt reël 'n basaar oor 8 dae, om 'n moontlike verlies van R500 000 te beperk.
By Dendron gaan dit moeiliker as by die ander.
Bertus Badenhorst by Blouberg bly aan na aftrede einde Junie.
RMA: Gemeentes doen baie goed in die omstandighede. Fondse word hoofsaaklik deur projekte ingesamel.
Pietersburg: Gemeentes kry 'n redelike groot invloei van geld vir gemeenskapsprojekte. Renosterpoort sukkel maar die ring gee aandag.
Pietpotgietersrus: Die koue weer het ryp gebring wat dit nog moeiliker maak vir boere. Daar is 'n besliste afwaartse neiging in inkomste.
Pta-Noord: Daar is 'n waarneembare herstel in ewewig, maar geen twyfel dat groter probleme wag nie.
Pta-Oos: Gaan tans nie sleg nie, maar projeksies wys dat daar vorentoe groter moeilikheid wag.
Rustenburg: Al die gemeentes se begrotings lyk baie sleg en dit gaan oor oorlewing.
Rustenburg-Wes en Moedergemeente se samesmelting is op ys, wat Wes op 'n baie moeilike plek laat.
Sentraalmoot: Dit gaan nie goed met finansies nie. Fondsinsamelings het 'n groot deel van inkomste voorsien. Bydraes kom nog in, maar nie naastenby soos dit moet nie.
Dowes en Capitalpark-Concordia het nie predikante nie. CPC is besig om te beroep.
Sesmylspruit: 2 gemeentes kry baie swaar en sukkel om te oorleef. Ander doen nie op die oomblik te sleg nie.
Suidoos-Pta: Erediensinkomste het baie afgeneem. Veral Universiteitsoord waar studente nie op kampus is nie.
Universiteitsoord wag vir 3 Aug wanneer daar moontlik weer 'n klomp studente terugkeer, om te sien of en hoe, hulle jaarlikse kaskarwedren en kermis kan werk.
Al 4 gemeentes doen besondere werk met uitreik en mense gee vrymoedig. Mense maak oor die algemeen op vir verlies aan erediensbydraes deur dankoffers te verhoog.
Valhalla: Gaan goed alhoewel daar 'n beduidende afname in inkomste is.
Kantoor 2 dae per week oop vir mense wat bydraes wil maak. Besigheidsmense se hande oop vir noodleniging en gemeentes doen baie in die gemeenskap.
Waterberg: Erediensoffergawes het drasties verminder. Die droogte beïnvloed ook die gewone dankoffers.

Daar word beplan vir ‘n virtuele ringsitting.
Wonderboom: Gemeentes oorleef nog, maar daar is groot kommer oor die toekoms.

Opsomming

1. Gemeentes oorleef nog almal, maar daar is ‘n steeds toenemende afname in inkomste oor ‘n wye front.
2. Selfs ringe waar dit tans nog goed gaan, is baie bekommerd oor die toekoms.
3. Ten spyte van finansiële druk doen gemeentes baie werk in die gemeenskap, ook met fondse wat spesifiek daarvoor gegee word.